# DIE PAD TERUG NA GELOOF, VOLGENS HOSEA 14

## Die oproep om terug te keer na Yahweh:

Hos 14:1-4 Bekeer jou, Yiesraél, tot Yahweh jou Elohiem, want jy het gestruikel deur jou ongeregtigheid. Neem woorde met julle, en bekeer julle tot Yahweh; sê aan Hom: Vergeef alle ongeregtigheid, en neem aan wat goed is; dan sal ons as offerdiere ons lippe aanbied. Ashur kan ons nie red nie, op perde wil ons nie ry nie en tot die werk van ons hande nie meer sê: Onse Elohiem nie! Want by U vind die wees ontferming. Ek sal hulle afvalligheid genees, hulle vrywillig liefhê, want my toorn is van hulle afgewend.

## Die motivering om terug te keer na Yahweh:

Hos 14:5 Ek sal vir Yiesraél wees soos die dou
(FROM ME IS THY COVERING)

(1) Hy sal groei soos ‘n lelie (vers 5)
(2) Hy sal wortels (en geur) hê soos die Libanon (vers 5-6)
(3) Hy sal skoonheid hê soos ‘n olyfboom (vers 6)
(4) Hy sal herleef soos koring (vers 7)
(5) Hy sal uitspruit en floreer soos ‘n wingerdstok (vers 7)

Hos 14:8 Ek is soos 'n groen sipres; uit My word jou vrug gevind
(FROM ME IS THY FRUIT)

## Die wysheid daarvan om terug te keer na Yahweh:

Hos 14:9 Wie wys is, laat hom op hierdie dinge let! Wie verstandig is, laat hom dit erken! Want die weë van Yahweh is reg; en die regverdiges sal daarop wandel, maar die oortreders daarop struikel!




Hosea 14:5

GROEI soos 'n lelie

"to be bright"
"to be cheerful"

Om in ons groeiproses as gelowiges (in goeie tye en swaar tye) altyd ons koppe op te lig, die lig van die Messias uit te straal en blymoedig van gees te wees.



Hosea 14:5

WORTELS soos die Libanon

"to be white"
"to follow the heart"
"to pursue wholeheartedly"

Om met jou hele hart die wortels van die geloof na te jaag en toe te laat dat die wit skynsel van Yahweh se geregtigheid jou hele lewe oordek.

(Hos 14:6 - GEUR van die Libanon - om vooruit te kyk na die volmaakte bestel wat voorlê en deur die "geur" daarvan aangespoor te word)



Hosea 14:6

SKOONHEID soos 'n olyfboom

"to shake"
"to tremble"

Om in tye van swaarkry, wanneer jou fondasies geskud word, aan die kwaliteite van die olyf te dink: mooi, sterk, taai en geskik vir die beste kwaliteit salwingsolie.



Hosea 14:7

HERLEEF soos koring (REVIVE)

"to move rapidly"
"to become numerous"

Om Yahweh toe te laat om jou eie lewe nuut te maak sodat jy betrokke kan raak by die onkeerbare proses van die koms van sy koninkryk en die insameling van sy groot oes.



Hosea 14:7

FLOREER soos die wingerdstok (vgl. takkie uit die stomp van Yieshai - Jes 11:1)

"to be hidden"
"to be protected"

Om vas te hou aan die Natsarener, in die wete dat Hy jou sal wegsteek en sal bewaar totdat die kinders van Yahweh geopenbaar sal word.